

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Hemelvaartdiens:

21 Mei 2020 deur Ds. Martiens Swart

TEMA: Hemelvaart bring Jesus se volgelinge by Aanbidding, groot Blydschap en Lof

AANVANG van die DIENS:

Dit is sowaar al weer feestyd... Goeiedag, kom dink en vier saam met my wat gebeur het vir ons met Hemelvaart!

Jesus het na Sy Opstanding gesê: "Aan my is alle mag gegee in die hemel en op die aarde..." en "...onthou / kyk: Ek is by julle, al die dae tot die voleinding van die wêreld." (vlg. Matteus 28:18 en 20)

Aan elkeen, in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees: Genade en vrede vir jou.

LOFSANG:

Sing nou enige LOFSANG of luister na 'n lied en skep dan sommer 'n geleentheid waartydens jy jou offer van dank gee.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.

Absa Tjekrekening 1460165489

Takkode:632005

Verwysing: Dankoffer.

GEBED: Here, ons wil U Hemelvaart vier... help ons net iets verstaan van hoe dit vir hierdie tyd ook al die verskil maak.

Amen



Inleiding:

Is jy enigsins geraak deur die Hemelvaart van Jesus Christus?

....bietjie dankbaar?

...enige viering in jou hart daaroor?

...of dalk selfs teleurgesteld, want ons sou Hom so graag nog wou sien!

Mis ons dalk iets? Want met die hemelvaart lees ons hoe Lukas, met sy fyn waarneming skryf dat die dissipels gebring is tot

AANBIDDING en **GROOT BLYDSKAP** en God gaan **PRYS** het, heeltyd by die tempel

...dit, in die tyd van die kruisiging en vyandigheid teenoor die Jode en hulle onsekere toekoms.

SKRIFLESING EN BOODSKAP

- **Skriflesing: Lukas 24: 50-53**
- **Boodskap**

Wat van die Hemelvaart bring 'n Jesus-volgeling by:

AANBIDDING, GROOT BLYDSKAP en DEURLOPENDE LOFPRYSING???

Dit hou ook verband met dit wat Jesus voor sy Hemelvaart gesê het in Johannes 16:7 *“Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan...”*

1. Deur die Hemelvaart neem Hy 'n spesiale nuwe Posisie in ... EN dit ter wille van ons

Dit was Sy troonbestyging, Sy bekroning by die beheersentrum van die heelal;

Hy het gaan sit aan die regterhand van die Vader by die troon:

Dit was bekend dat die een daar by 'n troon die reg of outoriteit kry en die uitvoerende mag en die krag **om** alles te bestuur.

Hebreërs 4:15-16 dui aan dat hy daar vir ons sake behartig en dat ons met vrymoedigheid by die genade troon kan gaan hulp kry.



Sy nuwe Posisie wat Hy by hemelvaart ingeneem het beteken:

- Hy is nou **ons verheerlikte Heer en Koning**...dit beweeg sy volgelinge (ons) tot AANBIDDING wat Hom vereer.
- **Hy sal nie meer ly en verneder word nie**...dit maak ons so BLY
- **Hy behartig ons saak** met medelye en 'n bewese liefde... dit laat mens in alles en deur alles God PRYS

2. Deur Sy Hemelvaart is dit nou vir Hom moontlik om op 'n ander wonderlike manier by ons en om ons te wees

As sy volgelinge kan ons ook baie bly wees, is ons ook geseënd, omdat hy nou met ons is volgens Sy belofte in Matteus 28:20, al die dae... soveel so dat Hy sê ons moet oplet, wakker met verwagting kyk... ons sal Hom in ons midde besig kan sien... in goeie dae en in donker donker dae... ons moet net skerp kyk en oplet.

Efesiërs 4:10 “Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat **opgevaar** het bo alle hemelruimtes uit... **om alles met Sy teenwoordigheid te vul.**”

Die NIV-vertaling: “He Who descended is the very One who ascended higher than all the heavens, in order to fill the whole universe”

Hy wat nou volgens Hebreërs 1:3b “alle dinge deur sy magswoord in stand hou.”

Jaco Thom skryf hieroor: “Hy vul nou elke stukkie ruimte van ons lewens met sy teenwoordigheid...” Ja, as gevolg van Hemelvaart!

- Ons hoef nie na Mecca te reis of na Jerusalem of iewers in Israel nie... **Hy is oral by ons, met ons in alles, vir ons in alles**... met Covid-19 en al. Is jy nie **bly** nie...sal jy Hom nie **aanbid** nie...en God bly **prys** nie?



3. Ons het saam met Hom reeds 'n plek in die Hemel gekry, Efesiërs 2:6-7

“...sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.”

NIV-vertaling: “And God raised us up with Him in the heavenly realms in Christ Jesus, in order that in the coming ages He might show the incomparable riches of his grace, expressed in his kindness to us in Christ Jesus.”

- Ons het reeds 'n plek in die hemel en inspraak by die Vader deur Jesus wat opgevaar het... en wanneer Jesus klaar alles voorberei het, kom haal Hy ons en neem Hy ons om daar volledig finaal tuis te kom. Wel dis te groot om als te bedink... dan kan ons net Hom aanbid, net bly wees en God bly prys.

Slot : Lukas 24 dui meer as eenkeer aan dat Jesus sy volgelinge met Hemelvaart SEËN.

- Hemelvaart word vir ons ook 'n seën van die Here, as ons dink oor hoe dit die viering is van Sy troonbestyging as Koning van die konings;
- Maar ook as ons besef Hy is nou op 'n beter manier maar netso werklik teenwoordig;
- En dat ons saam met Hom 'n plek in die hemel en inspraak het deur Hom wat vir ons intree.
“**Seën**”: wat beteken Hy werk in ons situasies vir ons beswil deur sy almag... want aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Kom ons aanbid Hom, kom ons wees bly en vier dit alles, kom ons hou aan om God te prys.!

Vier dit dan: gaan kniel iewers en aanbid Hom, sit musiek aan en loof Hom dankbaar!

GEBED: Kom ons bid nou saam...

Koning van die konings, HERE Jesus, ons aanbid U. U is bo alle magte en alles in die hoogste posisie... met al die outoriteit, sê en mag.

Ons is so bly dat U verheerlik is en nie weer verneder kan word nie... dankie vir wat U gedoen het vir ons.



Dankie dat U vir ons al ons sake ter wille van ons welsyn behartig vanuit U troonposisie... en ons plek verder by U in die hemel gereedmaak.

Ons is baie dankbaar dat U met ons is al die dae... ook hierdie dae van Covid-19... dit maak al die verskil.

Vader, dankie dankie dankie... vir alles deur Jesus vir ons uit genade gegee, ons wil U bly prys op hierdie geseënde Hemelvaartdag.

SEËN:

Kyk, ons Here, Jesus Christus, sal met jou wees in Sy genade

Kyk na die liefde van God in jou lewe hierdie week

Kyk na die helpende daar wees van die Heilige Gees in jou situasie.

Amen

